



## Terugvoer oor samesprekings tussen BKB en VKB

Die besluit is geneem deur die onderskeie Direksies en Bestuurspanne van BKB en VKB om nie voort te gaan met die ondersoek na sinergieë tussen dié twee maatskappye se handelsbesighede en die onderskeie finansiële dienste verwant hieraan nie, asook die ondersoek na 'n nuwe filiaal wat die graanberging en -hanteringsbesighede sou huisves.

Hierdie besluit is ook by BKB se 2023-jaarverslag ingesluit, wat op BKB se webtuiste beskikbaar is.

Die besluit het geen invloed op VKB se bestaande aandeelhouding of die lang termyn verbintenis tot die sukses van BKB nie.

Die samesmelting tussen GWK en VKB wat op 31 Mei 2023 aangekondig is, word ook nie deur hierdie besluit beïnvloed nie, met die integrasieproses tussen GWK en VKB wat goeie vordering toon. Verskeie mylpale in die proses is reeds suksesvol bereik sedert die aankondiging.

Tydens VKB se onlangse inligtingsvergaderings en Algemene Jaarvergadering is aan aandeelhouders gekommunikeer dat dit in hierdie stadium vir VKB 'n prioriteit is om eers behoorlik op die integrasie met GWK te fokus en ons te beywer vir positiewe resultate in die saamgestelde groep in terme van kliëntediens, produkte en finansiële prestasie.

Groete,

PG Strauss  
**VKB Groep: Besturende Direkteur**

---

## Feedback on discussions between BKB and VKB

The decision was taken by the respective Boards and Management teams of BKB and VKB not to continue with the investigations into synergies between these two companies' trading businesses and the respective financial services related to this. This includes the investigation into a new subsidiary that would house the grain storage and handling businesses.

This decision is also included in BKB's 2023 annual report, which is available on BKB's website.

The decision has no influence on VKB's existing shareholding or the long-term commitment to the success of BKB.

The merger between GWK and VKB announced on 31 May 2023 is also unaffected by this decision, with the integration process between GWK and VKB showing good progress. Several milestones in the process have already been successfully achieved since the announcement.

During VKB's recent information sessions and annual general meeting, it was communicated to shareholders that at this stage it is a priority for VKB to first properly focus on the integration with GWK and strive for positive results in the combined group in terms of customer service, products and financial performance.

Regards,

PG Strauss  
**VKB Group: Managing Director**

